



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 50

12 Desember 2021

**Elke knie sal buig
voor die
Koning van konings!**

Die eerste Kersfees, toe “God geopenbaar [is] in die vlees” 1Tim 3:16), het eenvoudige herders en magtige leiers uit die ooste (die wyse manne) in nederigheid en aanbidding voor die Here Jesus gebuig. Hulle het nie die identiteit van die Baba van Betlehem bevraagteken nie, maar het die Skrif geglo wat Sy wonderbaarlike geboorte en toetrede tot die wêreld profeteer het.

Baie mense het Jesus gedurende Sy tyd op aarde teëgestaan

Gedurende Sy leeftyd het baie mense Jesus teëgestaan, bespot en gekritiseer. Selfs Sy broers het Sy aanspraak dat Hy Goddelik is, verwerp (Joh 7:5). Ná Sy opstanding het hulle ook die knie gebuig en ons tref hulle in die bovertrek saam met Maria, Jesus se moeder en ander dissipels aan (Hand 1:14). Twee van Sy broers het dele van die Nuwe Testament geskryf. Jakobus het die leier van die Kerk in Jerusalem geword en het later die boek Jakobus geskryf waar hy na homself verwys as “Jakobus, ‘n dienaar van God en die Here Jesus Christus” – (Jak 1:1. Nog ‘n broer, Judas, verwys na homself in sy boek as “‘n dienaar van Jesus Christus en ‘n broer van Jakobus” – Judas1:1. Hulle het gewillig die knie gebuig.

Wat beteken dit om die knie te buig?

Om die knie te buig is nog altyd beskou as om simbolies in aanbidding en nederigheid te buig of te kniel voor die Almagtige God of om te toon dat jy jou aan die mens en sy idees en filosofieë onderwerp. Ons sien deesdae ‘n demonstrasie van laasgenoemde met die Black Lives Matter-veldtog en die weerstand deur dié wat net voor God sal kniel.

Is Jesus werklik Goddelik?

Is Jesus God? Sy aansprake dat Hy Goddelik is, is baie spesifiek. Hy het gesê: “Ek en die Vader is een” – Joh 10:30. Jesus het met hierdie woorde op Filippus se versoek om God te sien, gereageer: “Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: “Wys ons die Vader?” – Joh 14:9. “Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en Hy in God” – 1 Joh 4:15. Die Bybel is duidelik: “God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand” – Kol 1:16-17

Jesus is, was en sal altyd wees

Jesus het bestaan voor die skepping. Die mense wat na Hom geluister het, het presies verstaan wat Hy bedoel toe Hy gesê het: “Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is” – Joh 8:58. Die boek Hebreërs teken die woorde van die Vader op: “Maar van die Seun sê Hy: “U troon, o God, staan vir ewig vas...” – Hebr 1:8. Johannes het geskryf: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.” – Joh 1:1

Aanbid net vir Jesus

**Ons word beveel om God alleen te aanbid . “...Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het, en die Gees wat die profesie gegee het.”- Openbaring 19:10
(Val Waldeck) –**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyns ons harte met God se hart.
- Vir almal wat met vakansie is. Ook vir die veiligheid van ons kinders.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen de Gue – vir volkome herstel en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Jaap Naude – vir volkome herstel en genesing.
- Johan Prinsloo – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Marie van Wyk – vir volkome herstel en genesing.
- Francois en Sanet Smit – vir volkome herstel en genesing.
- Dezi Stinton – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Gerda J van Rensburg – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Anton Castelyn – vir volkome herstel en genesing.

Gedagte vir die week:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.
– Fil 2:9-11

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org